mirna's AEROBIC STUDIO

AANSOEK EN VRYWARING

Hiermee doen ek, _____ , aansoek om lidmaatskap van Mirna's Aerobic Studio en onderneem om die voorgeskrewe fooie soos jaarliks vasgestel, stiptelik te betaal. Ek bevestig dat ek aanspreeklik sal wees vir lidmaatskapgelde tot en met die datum wat ek met een kalendermaand skriftelike kennis aan die gemelde studio gee om my lidmaatskap te beëindig.

Ek verstaan dat ek 'n heraansluitingsfooi van **R350** sal moet betaal indien my lidmaatskap nie aaneenlopend is nie.

Persone wat gedurende die maand aansluit moet die volle klasgelde betaal soos vasgestel.

Ek vrywaar hiermee Mirna's Aerobic Studio van enige eise wat ek mag hê teen die gemelde studio en sonder om die algemeenheid hiervan te beperk, sluit sodanige eise in enige skade wat aan enige van my eiendom veroorsaak mag word terwyl dit op die perseel van Mirna's Aerobic Studio is en ook vir enige ongerief, beserings en/of dood wat aan my of enige minderjarige kind waarvan ek die wettige voog is, veroorsaak mag word terwyl ek en/of die minderjarige kind op die perseel van Mirna's Aerobic Studio is, of voorspruit uit enige oefening wat ek by gemelde studio doen, welke sodanige besering en/of skade voortspruit uit enige handeling van enige instruktrise en/of werknemer van gemelde studio of uit enige ander aktiwiteit waaraan ek deelneem by gemelde studio, en/of veroorsaak deur enige ander handeling van welke aard ookal wat aanleiding gee tot sodanige besering en/of skade en/of dood.

Indien ek en/of my minderjarige kind gebruik maak van enige toerusting, vrywaar ek Mirna's Aerobic Studio algeheel van enige skadevergoedingseise wat mag ontstaan hetsy deur my eie en/of enige ander persoon se nalatigheid.

Ek bevestig dat ek behoorlik gemagtig is om hierdie vrywaring te teken in my persoonlike kapasiteit sowel as in die hoedanigheid as wettige voog van my minderjarige kind en ek verstaan die inhoud hiervan en bevestig dat ek dit aanvaar.

Geteken te Ermelo op hierdie _____ dag van _____ .

_____ _____

ID van aansoeker Getuie

_____ _____

Aansoeker Getuie